



DIE STRANDLOPER

Hierdie is die tweede verslag vir 2020.

POLITIEK

- Verbeel jou – 'n klein onsigbare virus destabiliseer die vooruitsig vir die wêreld ekonomie en krap alle aandelebeurse asook valuta-, staateffekte- en kommoditeitsmarkte om tot 'n baie groter mate as wat die bedreiging van 'n oorlog in die Midde-Ooste, of die VSA/China handelsoorlog of selfs die twiets van president Donald Trump of die missiele wat Noord-Korea van tyd tot tyd in die lug skiet ooit regkry.
- Intussen het ons minister van finansies 'n heel billike begroting onder huidige omstandighede gelewer, maar die toets sal wees tot watter mate hy ondersteuning sal kry van sy kamerade in die regerende alliansie om die voorstelle ten uitvoer te bring.
- Terselfdertyd versprei die Covid-19 blitsvinnig oor die wêreld en die aanduidings is dat ander regerings nie dieselfde outoriteit oor hul bevolkings het as wat die Chinese owerhede aan ons geïllustreer het nie. Aanduidings is dat meer en meer mense in komende weke en maande deur die virus platgetrek sal word met negatiewe implikasies vir die wêreld ekonomie, finansiële en kommoditeitsmarkte in baie toekomstige maande.
- Gegewe die huidige situasie in die Demokratiese Party van die VSA, is die aanduidings dat president Donald Trump waarskynlik in die Withuis sal aanbly na die November presidentsverkieping
- Intussen is die Duitse politiek 'n deurmekaar spul, maar die Christelike Demokratiese Unie van kanselier Angela Merkel sal moontlik teen April hul probleme uitsorteer.
- Aanduidings is dat die Brexit onttrekking van Groot Brittanje uit die Europese Unie (EU) nie teen Desember 2020 afgehandel sal wees nie en dat die onderhandelings tussen die twee partye om die minste daarvan te sê, moeilik sal wees.
- Die Midde-Ooste bly 'n kookpot met hernude gevegte in Sirië tussen Siriese regeringsmagte, Russiese en Turkse magte. Sal daar 'n hernude golf van Siriese vlugteling na Europa wees of sal hulle 'n Turkse probleem bly?
- Die spanning tussen Iran en die VSA bly terwyl die probleme in Jemen voortduur.
- Verskeie konfliktsituasies duur voort in Afrika, maar ons kan gerus wees dat die nuwe president van die Afrika Unie spoedig 'n kommissie sal aanstel om die probleme te ondersoek. Hierdie konflikte beperk egter investering en groei op die vasteland.
- Die Venezulaanse probleem duur voort.
- Geen oplossing vir die Zimbabwe probleem is in sig nie.
- Nadat oud-president Jacob Zuma Kubaanse dokters gesien het, benodig hy 'n donkerbril en volgens sommige van sy woordvoorders is hy 'n baie siek man nadat



hy van Kuba teruggekeer het. So wees gewaarsku en baie versigtig oor watter

dokter jy besoek wanneer jy nie goed sien of alte lekker voel nie!

•

INTERNASIONAAL

- Tans beïnvloed die koronavirus die wêreld se valuta-, staatseffekte- en kommoditeitsmarkte. Dit weerspieël die onsekerheid wat deur die virus veroorsaak is en die impak daarvan op die wêrelddekkonomie. China het daarop gereageer deur openbare vervoer en ander fasiliteite te sluit, die Nuwejaar vakansie vir skole en fabriek te verleng, terwyl mense in hul woonplek moes bly. Dit het tot 'n skerp verswakking van die ekonomie in Februarie gelei omdat vraag en aanbod verswak het en gevolglik het die Aankoopbestuursindeks vir die privaatsektor tot 'n rekord laagtepunt verswak.
- Met die virus wat na die res van die wêreld versprei het, het onsekerheid die internasionale finansiële markte beetgepak. Sekere sektore van die wêrelddekkonomie word meer ontwirg – soos toerisme en lugdienste. Gegewe die voortgesette sluiting van sekere Chinese fabriek, beïnvloed dit ook die voorsiening van voorrade en onderdele in baie sektore en in baie lande wat afhanklik is van Chinese invoere.
- Maar die wêreld se bevolking bly mobiel en die virus nóg meer so. Daarom is dit onwaarskynlik dat die Covid-19 virus gestop sal word sonder dat dit die hele wêreld affekteer. Tot watter mate dit die wêreld se ekonomiese groei sal benadeel, is onseker, maar dit word aanvaar dat dit 'n negatiewe impak op minstens die eerste helfte van die jaar sal hê.
- Waar aan die begin van die jaar beraam is dat die wêreld ekonomie teen tussen 2.5% en 3% sal groei, word nou voorspel dat groei nie meer as 2.5% sal wees nie. Daar word selfs bespiegel dat die VSA vanjaar 'n resessie kan beleef.
- Die slegste aspek van die virus is die onsekerheid oor die mate waartoe dit ekonomiese aktiwiteite sal benadeel en hoe lank dit sal aanhou.
- Gegewe die onsekerheid, het spekulante en investeerders vanuit die aandelebeurse gevlug en veroorsaak dat aandelepryse van die grootste verliese getoon het sedert die finansiële krisis van 2008. Fondse het ook uit die kommoditeitsmarkte gestroom en troos gevind in die staatseffekte asook goud – totdat goud aan die einde van Februarie skerp gedaal het.
- Tans word aanvaar dat die sentrale banke in verskeie lande hul monêre beleid sal verslap deur rentekoerse en reserwevereistes te verlaag, terwyl hulle effekte sal koop om meer likiditeit in die wêreld se finansiële markte te pomp. Dit mag ook wees dat die huidige krisis meebring dat sommige lande fiskale stimulus verskaf. Of hierdie maatreëls sal meebring dat verbruikers sal begin om geld te bestee, sal nog eers gesien moet word. Internasionale korttermynrentekoerse sal in die volgende paar dae en maande verder verlaag word.
- Terwyl aandelebeurse kwaai verliese gely het, het effektemarkte gebaat by die invloei van kapitaal. Op 2/3/2020 het VSA tienjaar staatseffekte teen 1.07% verhandel (1.53% op 31/1/20), VK staatseffekte teen 0.42% (0.52% op 31/1/20), Duitse effekte teen – 0.67% (–0.44% op 31/1/20), Japanse effekte teen –0.10% (–0.06% op 31/1/20) en Chinese effekte teen 2.79% (3.07% op 31/1/20)
- Indiensnemingsyfers het ten tyde van die skrywe van hierdie verslag nog nie verswak weens die gesondheidskrisis nie en inflasie bly op lae vlakke in die meeste groot nywerheidslande. Die jongste inflasiesyfers is



soos volg: VSA 2.5%, VK 1.8%, Eurogebied 1.4%, Duitsland 1.73%, Japan 0.7% en China 5.2%.

- Met baie Chinese fabriekes steeds gesluit weens die impak van die virus, het baie kommoditeitspryse in die afgelope maand ook verswak. Aanduidings dat daar 'n gekoördineerde poging van sentrale banke sal wees om ekonomiese groei asook finansiële en kommoditeitsmarkte te stabiliseer, het meegebring dat kommoditeitspryse aan die begin van Maart effens herstel het. Dit word egter verwag dat kommoditeitspryse in die res van die jaar swak sal vertoon weens die voorspelde verswakking van die Chinese ekonomie.
- Aanvanklik het goud by die onsekerheid wat internasionale finansiële en kommoditeitsmarkte beetgepak het, gebaat, totdat dit aan die einde van Februarie skerp verswak het. Op 2 Maart het goud met 'n prys van \$1594/fynons, 'n styging van meer as 23% oor die afgelope jaar getoon. Waarskynlik sal goud steeds baat by die voortgesette onsekerheid wat deur die virus veroorsaak word en die impak wat dit op die wêreld-ekonomie en finansiële markte se tendense sal hê. Goud sal ook baat by die verdere monetêre stimulus wat deur sentrale banke veskaf sal word. Oorgekoopte posisies kan egter van tyd tot tyd tot winsneming lei. Platinum word tans benadeel deur die aanduidings dat die nywerheidsvraag, veral vanuit die motornywerheid, vir geruime tyd swak kan bly.
- Internasionale oliepryse het sedert die aanvang van die koronavirus, skerp verswak. Brent ru-olie het oor die afgelope jaar met 20% verswak en met 4% oor die afgelope maand tot vlakke van \$52 per vat. Die olieprys het wel ondersteuning gekry van aanduidings dat OPUL lande en Rusland produksie met selfs meer as een miljoen vate per dag kan besnoei asook dat

sentrale banke monetêre stimulus sal aankondig. Dit word verwag dat die olieprys in minstens die eerste helfte van die jaar swak sal vertoon.

PLAASLIK

- Volgens Statistiek SA het die RSA reële groei van 0.2% in 2019 getoon. Voordat die groot impak wat die koronavirus op groei van die wêreld-ekonomie kan hê, aan die lig gekom het, is verwag dat ekonomiese groei tot sowat 0.5% in 2020 kan versnel.
- Gegewe die impak van die koronavirus, is baie vooruitskattings tot laer as 0.5% aangepas. Professor Johan Willemse dui egter in 'n Beeld artikel aan dat groei baie kan baat by 'n baie goeie somer graanoes en die vermenigvuldiger impak daarvan op die res van die ekonomie wat groei van tot amper 2% kan verbeter.
- Terselfdertyd bly verbruikers onder geweldige druk, terwyl verwag word dat werkloosheid sal aanhou styg in 2020 en daaropvolgende jare. Gegewe die onsekerheid ten opsigte van regeringsbeleid en die impak daarvan op die sakeomgewing, bly dit onwaarskynlik dat privaatsektor investering 'n merkbare verbetering in 2020 sal toon. Terselfdertyd het die begroting aangedui dat indien die owerheid sy finansiële situasie wil verbeter, verbruiksbesteding deur die owerheidsektor aansienlik verminder moet word aangesien daar geen ruimte bestaan vir belastingverhogings in die volgende paar fiskale jare nie.
- In 2019 is 'n handelsurplus van R24.7 miljard behaal teenoor die surplus van R15.2 miljard in 2018. In Januarie is 'n baie kleiner as verwagte handelstekort van R1.87 miljard aangeteken met invoere wat met 16.1% en uitvoer met 1.4% gedaal het teenoor die Desember syfers. Gegewe die vooruitsigte vir die wêreld-ekonomie en veral die verwagte



verswakking van die Chinese ekonomie, is dit onwaarskynlik dat uitvoere in 2020 goed sal presteer. 'n Groot somer graanoes kan mielieuitvoere in 2020 en 2021 stimuleer, maar dit sal die totale ekonomiese groei net matig stimuleer. Die voorspelde swak vertoning van die plaaslike ekonomie dui daarop dat invoere ook net matig sal toeneem in 2020. 'n Verdere handelsurplus kan in 2020 verwag word, maar die lopenderekening van die betalingsbalans kan 'n tekort van sowat R150 miljard toon. Hierdie tekort sal deur die invloei van korttermyn buitelandse kapitaal gefinansier moet word.

- Die begroting wat op 26 Februarie deur die minister van finansies aangekondig is, was verstandig in die sin dat dit nie staatmaak op groot belastingverhogings om die begrotingstekort te finansier nie, maar eerder op die inkorting van staatsbesteding en veral 'n beoogde vermindering van salarisse en lone met R160 miljard oor drie jaar. Ongelukkig is die begrotingstekort as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk (BBP) 'n ontstellende 6.8% terwyl die mikpunt nie meer as 3% van BBP behoort te wees nie. Die werklike toets sal egter wees tot watter mate die minister kan staatmaak op sy kamerade in die regerende alliansie om die salaris- en loonrekening te besnoei met die 2021 munisipale verkiesings net om die draai. Ongelukkig kan die staat nie op belastingverhogings staatmaak om sy inkomste te verhoog nie, want dit sal in alle waarskynlik ekonomiese groei en dus belastinginkomstes ondermyn. Dit was ook teleurstellend dat geen melding gemaak is van enige privatisering of sluiting van enige staatsondernemings nie. Dit wil ook voorkom asof daar van pensioenfondse verwag sal word om sommige van hierdie staatsondernemings te finansier in komende jare sonder dat daar enige waarborg is dat
- daar in die afsienbare toekoms enige noemenswaardige opbrengs op hierdie beleggings sal wees nie. Indien dit gebeur, kan verwag word dat pensioenarisse hul gewaarborgde pensioen vir, sê nou maar die volgende twintig jaar sal ontvang, maar dat belastingbetalers uiteindelik ingeroep sal word om die pensioenfonds uit die moeilikheid te kry deur hoër belastings te betaal.
- Ongelukkig sal die begroting nie die ekonomie in die 2020/21 fiskale jaar verbeter nie. Daar is ook geen teken dat die uiters moeilike situasie van munisipaliteite in die afsienbare toekoms sal verbeter nie en dus sal plaaslike belastings en tariewe steeds teen meer as die inflasiekoers in komende jare styg.
- Soos genoem, sal werkloosheid in komende maande en jare verder styg van die reeds onaanvaarbaar hoë vlakke. Dit skep die risiko van sosiale onrus.
- Swak ekonomiese groei, onaanvaarbare hoë en stygende werkloosheid, inflasie wat in die volgende twee jaar redelik goed onder beheer is, dalende internasionale rentekoerse, dui almal daarop dat plaaslike korttermynrentekoerse verlaag kan word. Ek het aanvaar dat die Reserwebank met rentekoerse verlagings sal wag tot in die tweede helfte van die jaar sodat hulle kan sien of die regering finansiële dissipline het en hoe die finansiële markte sal reageer op 'n verlagings van die kredietgradering tot rommelstatus deur al die kredietagentskappe. Tans lyk dit asof die Reserwebank wel die geleentheid sal hê om rentekoerse te verlaag, selfs nou in Maart, gegewe die plaaslike en internasionale omstandighede.
- Plaaslike langtermynrentekoerse het nie die internasionale tendense van hierdie rentekoerse sedert die einde van Januarie gevolg nie. Op 2 Maart het



tienjaarstaatseffekte teen 9.17% verhandel teenoor 8.98% op 31/1/20. Hierdie opwaartse beweging weerspieël die groot vraag na langtermyn finansiering van die openbare sektor, aanduidings dat die kredietgradering van die land verlaag sal word, asook die risiko dat kapitaal die land sal verlaat na so 'n ontwikkeling. Die swak groei van die plaaslike ekonomie, inflasie wat onder beheer bly en laer internasionale rentekoerse sal enige opwaartse beweging van plaaslike langkoerse beperk.

- Die rand bly wisselvallig. Dit word benadeel deur enige faktor wat 'n vlug van kapitaal vanuit ontluikende lande na veilige toevlugsoorde veroorsaak (soos die koronavirus), 'n sterk dollar, swak vertoning van internasionale kommoditeitsmarkte, spekulasie oor 'n kredietafgradering, onsekerhede wat veroorsaak word deur politieke standpunte oor grondonteiening sonder vergoeding of die implementering van die onmoontlike en onbekostigbare Nasionale Gesondheidsversekeringskema, negatiewe groeikoerse van die plaaslike ekonomie, onderbrekings in die voorsiening van elektrisiteit wat die ekonomie ontwrig, vrese oor die onvolhoubare styging van staatskuld en veral van staatsondernemings soos Eskom. Die rand word tot 'n mate ondersteun deur die verskille tussen plaaslike en internasionale rentekoerse asook die steeds goed funksionerende plaaslike finansiële stelsel.

BELEGGINGSOMGEWING

- Die dollar het onlangs teenoor ander geldeenhede verswak omdat verwag is dat VSA korttermynrentekoerse verlaag sou word. Dit het dan ook op 3 Maart gebeur – voor die Federale Reserweraad se geskeduleerde vergadering van 18 Maart – toe die federale fondskoerse met 50 basispunte tot tussen 1% en 1.25% verlaag is.

VSA rentekoerse is steeds hoër as in ander groot nywerheidslande en die VSA ekonomie groei ook steeds sterker as hierdie ander lande.

- Gegewe die werklike en gevreesde impak van die koronavirus in minstens die eerste helfte van 2020, word verwag dat kortkoerse verder verlaag sal word in al die groot nywerheidslande en sal gesteun word deur verdere stimulerende monetêre beleidsbesluite in komende weke en maande.
- Internasionale langtermynrentekoerse is tans weer eens op rekord lae vlakke soos investeerders en spekulante fondse in die veilige bestemmings van staatseffekte stort. Hierdie rentekoerse word beskou as heeltemal te laag en wanneer die onsekerheid oor die impak van die virus verminder, word verwag dat hierdie koerse sterk opwaarts kan neig. Dit kan tot kapitaalverliese lei.
- RSA investeerders kan dit tans nie bekostig om in internasionale geld- of kapitaalmarkte te belê waar rentekoerse baie laag of selfs negatief is nie.
- Nieteenstaande voldoende likiditeit en dalende rentekoerse het internasionale aandeelbeurse massiewe verliese in die afgelope paar weke getoon. Dit het die vrese weerspieël dat ekonomiese groei en dus ook maatskappywinste en dividende nadelig deur die impak van die virus in komende weke en maande geraak sal word. Die huidige pryse van sommige aandele toon dat daar koopgeleenthede in komende maande sal kom, wanneer die virus se impak verminder het.
- Algemene kommoditeitsmarkte word ook nadelig deur die impak van die Covid-19 virus geraak sowel as deur aanduidings dat die Chinese ekonomie verlangsaam. Wanneer en indien die virus se impak verminder kan verwag word dat algemene



kommoditeitspryse weer sal styg afhangede van die vraag en aanbod situasie van die spesifieke kommoditeit.

- Die goudprys word ondersteun deur die onsekerheid wat die koronavirus veroorsaak asook die voldoende likiditeit en lae en dalende internasionale rentekoerse. Dit is moontlik die situasie wat in die volgende weke en selfs maande sal voortduur.
- Internasionale oliepryse word verwag om swak te vertoon in minstens die eerste helfte van 2020 weens die impak van die koronavirus op die wêreld, maar veral die Chinese ekonomiese vooruitskattings sowel as die stygende olieproduksie van die VSA. Oliepryse word ondersteun deur aanduidings dat OPUL en Rusland waarskynlik olieproduksie gaan verminder, met selfs meer as 1 miljoen vate per dag.
- Plaaslike kortkoerse sal moontlik in die nabye toekoms verlaag word.
- Plaaslike langkoerse sal moontlik hoër neig weens die verwagte kredietafgradering, die verwagte uitvloei van kapitaal vanuit plaaslike finansiële markte, asook die groot en stygende openbare sektor vraag na langtermyn finansiering.
- Die plaaslike aandelebeurs word deur internasionale tendense beïnvloed asook die swak vertoning van die plaaslike ekonomie en die impak wat dit op maatskappywinste en dividende het. Dit word ook beïnvloed deur enige kapitaaluitvloei na internasionale finansiële markte.
- Die rand bly wisselvallig met 'n langtermyn swakker neiging omdat die verkeerde beleidsbesluite van die afgelope vyfentwintig jaar nie reggestel word nie.

Ulrich Joubert

4 Maart 2020.

Hoewel moeitegedoen is om hierdie dokument so noukeurig moontlik opgestel, aanvaar die opsteller hiervan geen verantwoordelikheid vir die besluite wat op grond van die inligting hieringeneem word nie.

Kontakbesonderhede: ulrich.joubert@gmail.com | sel: 083 458 1370

